# DIE SKIETLOOD

244e Uitgawe 14 November 2025

saam met Koersvas 244

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Teks**

**Sondag 4**

Vraag 11: **Is God dan nie ook barmhartig nie?**

Antwoord: **God is wel barmhartig** (*Eksodus 34:6,7" Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag"; Eksodus 20: 6 "maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam*"), **maar Hy is ook regverdig** (*Psalm 7:10 "Maak 'n end aan al die bose dade van die goddelose mense. Stel tog die onskuldige in die gelyk. U wat die mens deur en deur toets, U is die regverdige God."; Eksodus 20:5 "Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat "; Eksodus 23:7 "en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie"; Eksodus 34:7 "Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag."; Psalm 5:5,6 "U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag. U is nie 'n God wat onreg verdra nie, die kwaad het by U geen plek nie. Hooghartiges durf nie voor U kom nie. U haat almal wat onreg doen"; Nahum 1:2,3.b" Die Here is 'n God wat baie begaan is oor sy volk, 'n God wat Hom wreek. Die Here wreek Hom in sy gloeiende toorn, die Here wreek Hom op sy teëstanders, sy toorn ontvlam teen sy vyande... Hy laat geen skuldige ongestraf nie. Hy kom in rukwind en storm, wolke is die stof onder sy voete.*"). **Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is, ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.**

**Kommentaar**:

**Vraag**: Die vraag na die straf vir sonde en die impak op die mens, moet nog na een kant toe aangespreek word. Hoe is dit dat die mens enigsins bestaan? Daarmee saam is die vraag na die rede vir hierdie bestaan. Het dit dalk met genade te make? Is die laaste woord dalk 'barmhartigheid'? Hierdie vraag lei die gesprek in rakende die barmhartigheid van God en waar dit plek vind in die openbaring van God Almagtig.

Indien God in regverdigheid die sonde straf in hierdie lewe en die volgende, hoe rym dit met Sy genade? Wat is die aard van die wisselwerking tussen genade en geregtigheid?

**Antwoord**: Vra God se ekstreme genade nie dat die Here se geregtigheid ingeperk moet word en die straf nie ewig moet wees nie? Die vraag word vanuit 'n menslike, simplistiese perspektief gestel. Die antwoord is kompleks omdat Hy soveel meer is as ons grootste gedagtes. God kan op so 'n manier genadig wees sonder om Sy eis ten opsigte van geregtigheid in te perk. God is tegelyk uiters geregtig en

uiters genadig. Hy sal Sy genade op so ‘n wyse toon dat dit nie afbreek doen aan Sy geregtigheid nie. Dit is bokant ons begrip en intellektuele vermoë om die saak te volle onder woorde te bring. Net om dit weer te stel; sonde is ‘n vergrype voor God, die Almagtige. Enige vergryp is ‘n proporsionele straf waardig. ‘n Oortreding teen die Almagtige verdien ‘n ‘almagtige” straf. God se geregtigheid kan hierdie straf begenadig in Sy seun. Dit maak nie Sy Almag minder nie, dit maak nie Sy genade minder nie, dit maak nie Sy geregtigheid minderwaardig nie, dit maak net van Hom die Almagtige , genadige God wat in geregtigheid regeer. God neem geen bevrediging uit die geregtige straf wat Hy uitdeel nie. Die straf is nie aan genoegdoening gekoppel nie, maar aan God se genade en barmhartigheid. God se straf kom in die vorm van lyding in al sy dimensies. Hierdie lyding kan ook beproewings genoem word.

Hoeveel soorte beproewing is daar, wat veroorsaak hulle en kan ons enige troos in die situasie vind?

Ursinus onderskei tussen twee soorte beproewings. Tydgebonde beproewings en lyding staan teenoor die ewige lyding wat die mens in sy hele wese aantas en wat bedoel is vir almal wat in ongeloof vasstaan. Hierdie ewige lyding staan as baie dinge bekend; hel, ewige dood, onblusbare vuur, die wurm wat nooit sterf nie en vele meer. Die ewige lyding is die oneindige, onmeetbare logaritmiese groei van alle ellende. Dit is om dood te gaan, maar net nooit ten volle te sterf nie. Dit is om deur die wurm geëet te word, maar nooit opgeëet te word nie. Hierdie metafore het ten doel om die verskriklike van die Goddelike oordeel onder woorde te bring. Net soos ons begrip van God, is ons ook hier ingeperk deur ons eie kennis en verbeelding. Die feit dat die mens sondaar is, beteken tog dat hy baie meer van hierdie aaklige straf kan indink. Dit kan ook nie anders as dat hierdie straf in oortreffende terme uitgebeeld sal word nie, die sonde is oortreding teen Hom wat oortreffend Goed en Geregtig is. In die opsig is die volgende waarskuwing iets om op ag te slaan; Matteus 10:28 “*Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan*.”

Soms poog mense om hulle bestaan en selfs hulle optredes te kompartementaliseer. Enige gesprek oor liggaam, siel en gees sal in hierdie konteks as sodanige kompartemente skep gesien kan word. Dit is die hele mens wat oortree, die mens in sy volle wese wat sondig en daarom die mens in sy volle wese wat die ewige straf waardig is. Daar is diegene wat poog om God se ewige genade af te speel teen Sy oneindige geregtigheid. Dit is ‘n denkoefening wat nie rekening hou met God in Sy kompleksiteit en almag nie. Ons kan nie God se attribute in óns werklikheid teen mekaar afspeel en dan dink dat ons antwoorde gebied het nie.

Beproewing en lyding se straf is nie net ‘n saak van ewigheid nie. Dit tref ons ook in tyd en ruimte. In die volgende uitgawe meer daaroor.